UNIVERSITEIT STELLENBOSCH UNIVERSITY

# e-Matieland

SOMER 2015 • #3

## VANUIT DIE ALUMNI-KANTOOR

Met die akademiese jaar wat einde se kant toe staan, sien ons in Stellenbosch uit na gradeplegtigheid, 'n hoogtepunt van die jaar in Matieland. Dit is dan wanneer ons die toevoeging van duisende nuwe alumni vier; vir die Universiteit beteken dit die ontwikkeling van 'n groep jongmense wat hulle loopbaanvlerke sal sprei en 'n nuwe reis sal begin, is voltooi.

Ons weet Maties vaar goed. In hierdie uitgawe vertel ons van die suksesse van sommige Maties, waaronder Jan du Plessis, Voorsitter van SABMiller en Rio Tinto; Maties Parasport-atleet Ilse Hayes, wie se verstommende prestasies haar in 2015 die titel van Sportvrou van die Jaar vir persone met gestremdhede besorg het; asook ons eie prof Mohammad Karaan, wat heraangestel is in die Nasionale Beplanningskommissie.

Die vakansie is om die draai, so ons wens jou alles van die beste met die laaste paar weke van werk wat voorlê asook 'n vreugdevolle, veilige en geseënde feesseisoen. Ons praat weer in 2016. Mag dit 'n uitstekende jaar vir ons almal wees.



# NUUSFLITSE

## Prof Botman 'het gelewe vir die kinders van môre'

Wyle prof Russel Botman, ons voormalige Rektor en Visekanselier, het omgegee vir die toekoms van die komende geslag en was besorg oor die uitdaging wat om nóú te doen sodat die kinders van môre in staat gestel sal word om waarlik te lewe – in 'n beter wêreld.
So het prof Dirkie Smit, uitgelese professor verbonde aan die US se Fakulteit Teologie, gesê tydens die eerste openbare Russel Botman gedenklesing wat aangebied is ter ere van prof Botman se verjaarsdag op 18 Oktober.



Die jaarlikse gedenklesing is aangebied deur die Fakulteit Teologie, die Beyers Naudé Sentrum vir Publieke Teologie en die kuratoria van die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die VGKSA. Prof Smit het die hooflesing gelewer met die titel: "Om geskiedenis te maak ter wille van komende geslagte – Oor die teologiese logika van Russel Botman se toewyding aan transformasie.'' Volgens prof Smit het prof Botman dikwels 'n verrassende waardering en respek vir die kompleksiteit van die lewe getoon - onder meer die kompleksiteit van mense, met hulle uiteenlopende biografieë, persoonlikhede agtergronde, dryfvere, en gedrag; die kompleksiteit van gesprekke, vergaderings, ontmoetings, geleenthede, met hulle spanninge en moontlikhede; die kompleksiteit van groepe en hulle interaksies, van die sosiale en openbare lewe, van politiek en magsverhoudinge; die kompleksiteit van die werklikheid, van die wêreld waarin ons lewe met geleenthede en uitdagings.

Danksy ruim ondersteuning van skenkers het die Russel Botman Beursfonds sedert 2013 van krag tot krag gegaan. Dié Beursfonds het op sy 60ste verjaardag op 18 Oktober 2013 totstand gekom en is die ideale manier om sy nalatenskap te vier en bied elkeen van ons die geleentheid om sy droom van 'n beter toekoms vir die volgende geslag 'n werklikheid te maak.
Om 'n skenking te maak vir die Fonds, is die besonderhede as volg: Standard Bank, rekeningnommer 07 300 695 5 en takkode 05 0610. Die verwysing *Botman* moet asb bygevoeg word.

## US vereer voorste denkleiers met eregrade

Die akademikus, digter en dramaturg, prof Adam Small, en die ruimtewetenskaplike, dr Japie van Zyl, wat 'n leierskaprol gespeel
het in die suksesvolle Curiosity-sending na Mars in 2012, tel onder die nuutste groep ontvangers van eregrade van die Universiteit Stellenbosch (US). Die ander ontvangers is die bekroonde sielkundige en Nobelpryswenner, prof Daniel Kahneman; die statistikus-generaal, mnr Pali Lehohla; die veteraan politieke ekonoom en legendariese akademikus, prof Sampie Terreblanche; die akademikus, juris, kampvegter vir menseregte en regter van die Konstitusionele Hof, regter Edwin Cameron; en die internasionaalerkende juris, kampvegter vir vroueregte en geslagsgelykheid en ook regter van die Konstitusionele Hof, regter Kate O'Regan. Die US ken jaarliks eredoktorsgrade toe.



## Gebeure

10 Desember
Alumni Klasdag
(13:00 – 16:00)
Kontak:
Ronel Beukes
021 808 3404

26 Januarie 2016
Konvokasie-vergadering
Kontak:
alumni@sun.ac.za

5 – 7 Februarie 2016
Stellenbosch Wynfees
www.stellenboschwinefestival.co.za

4 – 7 Maart 2016
Maties tuiskoms- en gesinsnaweek
Kontak:
alumni@sun.ac.za

# NUUSFLITSE

## US kondig eerste 'MOOC' aan


Die Universiteit Stellenbosch sal in 2016 sy eerste gratis en oop aanlynkursus (in Engels bekend as MOOCs – Massive Open Online Courses) aanbied. 'n Aankondiging oor 'n ooreenkoms met een van die wêreld se voorste sosiale leer platforms, FutureLearn, is by die 26ste Internasionale Raad vir Oop en Afstandsonderwys se wêreldkonferensie gemaak.
Die vier-week kursus, rondom die tema Afrika-filosofie van die onderwys, sal na verwagting vroeg in 2016 afskop. Gesprekke sal ondersteun word deur voorafopgeneemde videos, artikels, aktiwiteite, kursusmateriaal en werksopdragte. Die kursus sal ook gekenmerk word deur FutureLearn se unieke benadering tot leer deur gesprek – met kursusgangers wat wêreldwyd met mekaar en met die kundiges wat die kursus aanbied, in gesprek sal kan tree.
"Die vennootskap met FutureLearn sal die US se aansien as 'n internasionaal gerekende navorsingsinstelling versterk en sal die instelling die geleentheid bied om sy internasionale voetspoor én onderrig en leer inisiatiewe uit te brei deur die aanbied van 'n gratis MOOC op 'n wêreld-wye platform wat vir almal toeganklik is," sê dr Antoinette van der Merwe, Senior Direkteur: Leer en Onderrigverryking aan die US.

## Beursfonds huldig prof Ron Sanderson se nalatenskap



Wyle prof Ron Sanderson se nalatenskap tot die polimeerwetenskap-vakgebied sal gehuldig word in die vorm van 'n beursfonds vir honneurstudente in polimeerwetenskap. Prof Sanderson is in 1970 by die Departement Chemie aangestel. Op daardie tydstip was hy die enigste polimeerwetenskaplike in Suid-Afrika en het die vakgebied nog nie as 'n akademiese dissipline in Afrika bestaan nie. Gedurende die volgende 40 jaar het hy baanbrekerswerk verrig om polimeerwetenskap as 'n navorsings- en onderrigveld by die US te vestig. Prof Sanderson is in Augustus oorlede. • As jy 'n bydrae wil maak, kontak prof AJ van Reenen (ajvr@sun.ac.za) of prof Peter Mallon (pemallon@sun.ac.za).

## Prof Jimmy Volmink heraangestel as Dekaan



Prof Jimmy Volmink is vir 'n verdere vyf jaar as Dekaan van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe (FGGW) aangestel. Prof Volmink se tweede termyn sal op 1 Januarie 2016 begin.
"My visie is dat die Universiteit Stellenbosch se FGGW die voorste gesondheidswetenskappe-instelling in Afrika sal wees, gemeet aan die kwaliteit van ons graduandi en die impak wat hierdie graduandi het op die wetenskap en die gemeenskap. Dit is vir my 'n sonderlinge eer om vir 'n tweede termyn as Dekaan aan die stuur van die FGGW te staan en om by te dra om hierdie visie te help verwesenlik," het prof Volmink gesê.

## SR kies uitstaande alumnus



Die Studenteraad het onlangs sy jaarlikse prys vir 'n uitstaande alumnus aan dr Clarence Tshitereke toegeken. Dr Tshitereke is Direkteur in die kantoor van die Visekanselier en Rektor van die Universiteit van Venda. Hy was ook voorheen Direkteur: Internasionale betrekkinge en handel in die Presidensie.

Kliek hier om die video te kyk

## USB onder top drie bestuurskole in Afrika

Vir die agtste agtereenvolgende jaar word die Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool (USB) as een van die top drie beste bestuurskole in Afrika beskou. Dit was deel van die 2015 Eduniversal wêreldwye-opname. Die ranglys is die resultaat van dekane van bestuurskole regoor die wêreld wat stem, gebaseer op 'n lys van maatstawwe.
Die USB-direkteur, Piet Naudé, sê: "Die feit dat so baie direkteure van bestuurskole oor die wêreld die USB hoog gerang het, vul ons met nederigheid en dankbaarheid."



# Frederik Van Zyl Slabbert se nalatenskap nou toeganklik vir almal

'n Versameling van meer as 4000 items wat aan wyle dr Frederik van Zyl Slabbert behoort het, is amptelik in die JS Gericke-biblioteek oopgestel. Hierdie items wat sy geskrifte insluit, bied boeiende insig in die denke van 'n man wat dikwels beskryf word as een van die skeppers van die Suid-Afrikaanse demokrasie.
Dr Slabbert was tot kort voor sy afsterwe die Kanselier van die US. Die versameling sluit korrespondensie, parlementêre en buite-parlementêre toesprake, lesings, artikels en dokumente in wat dr Slabbert se betrokkenheid by regeringswetgewing en weerstandsbewegings weerspieël, beide as leier van die amptelike opposisie en persoonlike betrokkenheid.
Die versameling is in 2014 deur die Slabbert-familie aan die US geskenk en is deur me Hanna Botha, voormalige hoof van spesiale versamelings by die US se biblioteek, gekatalogiseer.

Kliek hier vir die video



## Hoogste erkenning vir PhD-gegradueerde



Dr James Meja Ikobwa, 'n PhD-gegradueerde van die Nagraadse Skool in die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe, het onlangs die eerste akademikus in Afrika geword om die Jacob- und Wilhelm-Grimm-Förderpreis van die Duitse Akademiese Uitruildiens, oftewel DAAD, te ontvang. Die prys is die "hoogste erkenning op die gebied van internasionale Duitse studie" vir jong akademici. "Dat ek die Jacob & Wilhelm Grimm-aansporingsprys gewen het net twee jaar nadat ek my PhD aan die Universiteit Stellenbosch verwerf het, is verreweg die hoogtepunt van my loopbaan tot dusver.
Dit is terselfdertyd 'n verootmoedigende ervaring om te weet dat wat jy ook al doen en góéd doen, tel en 'n beduidende impak het waarvan jy dalk nie eens bewus is nie," het 'n opgewonde Ikobwa gesê.
Ikobwa het die prys op grond van die gehalte en relevansie van sy PhD-tesis, akademiese publikasies en sy bevordering van die Duitse taal in Kenia en Oos-Afrika ontvang.

## Uitnemendheid in TB-navorsing beloon

Dr Adrie Bekker, 'n neonatoloog en TB-navorser, het erkenning ontvang vir haar innoverende navorsing, wat die eerste data verskaf het vir die bepaling van riglyne vir die gebruik van 'n antituberkulosemiddel by jong kinders. Bekker het die HD Brede-prys vir Tuberkulose-navorsing 2015 ontvang tydens die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe (FGGW) se Akademiese Jaardag. Sy is sedert 2007 'n konsultant by die Departement van Pediatrie en Kindergesondheid en het in 2013 vir 'n PhD-graad geregistreer. Haar navorsing handel oor die voorkoming en behandeling van perinatale en kindertuberkulose binne 'n MIV-konteks, met 'n spesiale belangstelling in farmakokinetika.




Dr Adrie Bekker (regs)

# Fotogallery



Die haalbaarheid van gekonsentreerde sonkrag as 'n realistiese, koste-effektiewe en skoon alternatief vir fossielbrandstowwe het 'n groot hupstoot gekry met die bekendstelling van 'n toetssentrum waar 'n nuwe sonlig-opvangstelsel gedemonstreer sal word. *(Foto: Stefan Els)*

Kliek hier vir die video




Op die vooraand van Erfenisdag het die Afdeling: Sosiale Impak die 80ste bestaansjaar van die Lückhoff Sekondêre Skool saam met leerders, onderwysers en oud-onderwysers gevier. Die oorspronklike skoolgebou in Banhoekweg huisves tans die Afdeling: Sosiale Impak en ander gemeenskapsprojekte. *(Foto: Stefan Els)*



President Jacob Zuma het prof Mohammad Karaan heraangestel as 'n lid van die Nasionale Beplanningskommissie in die Departement van Beplanning, Monitering en Evaluering. Sy aanstelling is vir 'n tydperk van vyf jaar. *(Foto: Werner Roux)*



Dr Trevor Manuel, voormalige Kabinet Minister, het 'n prestige-lesing by die Universiteit Stellenbosch Museum gelewer. Die lesing, getiteld Youth employment and entrepreneurship: Moulding our Heritage, het deel gevorm van die Stellenbosch Erfenisprojek se program vir 2015. *(Foto: Anton Jordaan)*



Die US se Botaniese Tuin het die veeltalige Tuinverkenner bekendgestel. Dié verkenner stel besoekers in staat om met hul mobiele toestelle inligting oor plante te bekom en spesies in die tuin op te spoor. *(Foto: Justin Alberts)*

Kliek hier vir die Tuinverkenner

# Aan die voorpunt

*Met die verloop van die jare het talle alumni van die Universiteit Stellenbosch hul vaardighede en kundigheid aangewend om bo uit te kom en leiers op hul onderskeie gebiede te word.*



## Jan du Plessis

Een van hulle is Jan du Plessis, voorsitter van die groot bierbrouer- en drank-multinasionale maatskappy, SABMiller, en Rio Tinto, die tweede grootste myngroep in die wêreld. Du Plessis, 'n wêreldbekende sakeleier, het 'n kernrol in die onlangse SABMiller/AB InBev-ooreenkoms gespeel, wat internasionaal groot aandag getrek het, en as die biersamesmelting van die dekade en een van die grootste transaksies in die geskiedenis beskryf is.

Waar betrokkenheid by sulke groot transaksies vir party mense sou afskrik, hanteer Du Plessis dit met die grootste gemak.

"Wanneer 'n maatskappy 'n oorname-benadering soos hierdie moet hanteer, is dit ongetwyfeld die grootste uitdaging waarvoor 'n voorsitter ooit te staan sal kom," sê Du Plessis.

"My opleiding en professionele ervaring het my egter die selfvertroue gegee om leiding te gee in die kommersiële onderhandelinge rakende die voorgenome transaksie en ek glo die aandeelhouers is baie tevrede met die uitkoms."

Du Plessis, wat die kuns bemeester het om twee senior posisies te hanteer, bied leierskap en ondersteuning aan die direksie en die hoof- uitvoerende beampte. Hy swaai lof toe aan die span intelligente en toegewyde mense wat hom ondersteun in sy hantering van die uitdagings verbonde aan voorsitterskap van twee groot multinasionale maatskappye.

Du Plessis is baie lief vir sy werk en sê dit stel hom gereeld aan uitdagende probleme bloot en maak dit vir hom moontlik om interessante mense te ontmoet van wie hy voortdurend nuwe dinge leer.

Om twee groot maatskappye te bestuur, is uitdagend, maar dit beteken egter nie Du Plessis werk net altyd nie. Hy kry wel kans om te ontspan en sê die geheim is om jou bekommernisse by die werk agter te laat.

"Ek was nog altyd gedissiplineerd om gereeld met vakansie te gaan, en die hoogtepunt van my jaar is om sowat drie weke oor Kersfees met my gesin by ons vakansiehuis in die Tuinroete deur te bring. Ek probeer ook gereeld oefen en ek is 'n groot rugbyondersteuner – ek het byvoorbeeld tyd ingeruim om na etlike wedstryde van die onlangse Wêreldbeker te gaan kyk."

In antwoord op 'n vraag oor sy beste herinneringe aan sy dae as 'n Matie, noem Du Plessis om verlief te raak en uit te gaan, om koshuisrugby op 'n Vrydagmiddag by te woon, die Karnaval te organiseer as voorsitter van die 1977-Karnavalkomitee, en tot in die vroeë oggendure oor politiek te redeneer.

Du Plessis, wat nou in sy vroeë sestigs is, sê hy sal graag vir nog tien jaar wil werk, of ten minste vir so lank as wat hy dink hy nuttig vir organisasies kan wees.

# Al langs die wynroete

*Die US se Welgevallen-wynkelder lê weggesteek tussen Coetzenburg en Paul Roos Gimnasium. Dis 'n professionele wynkelder wat met die beste in die omgewing kan meeding en pryswenner-wyne oplewer.*

## WELKOM BY WELGEVALLEN:



Welgevallen-wynkelder is in 2001 geopen. Voor 2008 is daar besluit om 'n Universiteitswyn te produseer aangesien die US die enigste Universiteit is wat Wingerd-en Wynkunde as vak aanbied. Die eerste oesjaar Pinotage spesifiek vir die doel is in 2008 geproduseer en in 2009 vrygestel. Dit is onder andere gemaak van die US se eie spog Pinotage wingerd wat baie gesogte druiwe van hoë-kwaliteit lewer. Sedertien het die lys van wyne gegroei tot nege. Die kelder is destyds as 'n opleiding en navorsingskelder gebou maar as gevolg van die skaal van toerusting, produseer die kelder wyne op 'n kommersiele skaal. Studente word blootstelling gegee deur middel van demonstrasies en praktiese werk in parstyd.



## KELDERMEESTER EN WYNMAKER:

Riaan Wassüng staan aan die hoof van die kelder. Hy is sedert 2004 by die Welgevallen-kelder betrokke en het Wingerd- en Wynkunde aan die US gestudeer.

## DIE WINGERDE:



Die wingerde lê in die omgewing van die Welgevallen Proefplaas en ook naby Paul Roos Gimnasium. Christopher Williams (agter) en Hendrik September is besig met die somersnoei in die Sauvignon Blanc-wingerd. September sê dis belangrik om die onnodige lote en blare te verwyder sodat die wingerd genoeg son kry om reg te kan groei. Dit het 'n invloed op die gehalte van die druiwe én die wyn. Daar is ook 'n studente-wingerd wat al die verskillende kultivars bevat wat in SA verbou word, asook die Pinotage wawiel navorsingswingerd.

## DIE KELDER:



William Smith is die algemene kelderassistent en is betrokke by al die prosesse van die kelder. Parstyd is die belangrikste en besigte tyd van die jaar wanneer die druiwe verwerk word tot wyn (Januarie tot April). Na parstyd vind na-gistings aktiwiteite plaas, soos oortappe, versneiding, brei en voorbereiding vir bottelering. Bottelering, etikettering en verkope vind reg deur die jaar plaas.

## VATE VOL WYN:

Die kelder het meer as 100 vate wat wissel van 225 tot 300 liter. Elke jaar ontvang hulle verskeie geborgde vate, ter waarde van R10 000 elk, van verskillende kuipers. Om die studente blootstelling te gee aan die invloed van verskillende houtvate op die sensoriese effek van wyn word daar elke jaar van die US se spog Pinotage wingerd wyn gemaak en in verskillende vate verouder vir 'n periode van 12 tot 16 maande. Na die periode word die verskillende vate blind teen mekaar geproe in die teenwoordigheid van die vatverkaffers. Vate is 'n baie duur produk en sonder die donasies sou dit nie moontklik gewees het nie. Na die proe word die verskillende vate versny om sodoende Die Laan Pinotage te word.




- **WYNPROE:** Die wyne is te proe en te koop by die kelder vir US-personeel en die publiek. Die kelder se proelokaal is weeksdae vanaf 08:30 tot 16:30 oop.

- Klik hier vir bestellings

- 'n Klas van 2015-wyn word spesiaal vir vanjaar se gradeplegtighede uitgereik. As jy 'n bottel of twee as herinnering aan jou studiejare wil bestel, kontak kelderbestuurder Riaan Wassung vooraf by winesales@sun.ac.za. Dit sal ook tydens gradeweek by die kelder te koop wees.




*(Fotos: Stefan Els)*

# MATIES as wêreldkampioene gekroon in Doha

*Drie Maties Parasport-klublede is as wêreldkampioene gekroon by die Internasionale Paralimpiese Komitee se Atletiekwêreldkampioenskap in Doha in Oktober en die groep het na Suid-Afrika teruggekeer met 13 medaljes – vier goud, ses silwer en drie brons.*



Ilse Hayes vier haar goue wen in die vroue 200m T13 finaal by die IPC Atletiekwêreldkampioenskappe. (Foto: Francois Nel/Getty Images)

Vir die atleet Ilse Hayes was dit 'n groot voorreg om twee keer op die podium te kon staan en die nasionale lied te sing. Sy het die 100 m- en 200 m-item in die klas T13 gewen.

"Ek voel baie geseënd en ongelooflik dankbaar, veral gegewe die feit dat ek twee maande gelede 'n besering opgedoen het." Sy moes weens hierdie besering in September aan die Afrikaspele onttrek.

Haar kamermaat in Doha, Anruné Liebenberg, was oorstelp toe sy haar eerste goue medalje by 'n wêreldkampioenskap gewen het met 'n oorwinning in die 400 m (T47). Sy het hierdie prestasie opgevolg met 'n bronsmedalje in die 200 m en 'n vierde plek in die 100 m.

Op die veld het Maties Parasport se Reinhardt Hamman Suid-Afrika se naam hoog gehou met goud in die spiesgooi (T38) en silwer in die gewigstoot. Vyf ander Maties het ook medaljes gewen.

Arnu Fourie het 'n tweede plek behaal en 'n Afrikarekord opgestel in een van die skouwedlope van die kompetisie: die 100 m in die klas T44 wat deur die Amerikaner Richard Browne in 'n wêreldrekordtyd van 10.61 gewen is.

Dyan Buis het sy seisoen afgesluit met twee silwermedaljes – verspring en 200 m (T38). Fanie van der Merwe moes tot op die laaste dag van die kompetisie wag om sy silwermedalje in die 100 m (T37) te wen. Hy was ook die bronsmedaljewenner in die 200 m. Ander medaljewenners was Charl du Toit (silwer in die 400 (T37) en Zanele Situ (brons in die spiesgooi (F54).

Dr Suzanne Ferreira, afrigter van die baanatlete, het gesê sy is baie trots op hoe die atlete by die omstandighede aangepas het (dit was baie warm), hul professionele benadering en die karakter wat hulle getoon het. "Hulle is ongelooflike ambassadeurs. Die gees was positief en hulle het mekaar ondersteun en gemotiveer. Dit was 'n voorreg om deel te wees van hierdie spangees.



Maties Parasport se Arnu Fourie het silwer in die mans 100m T44 finaal by die IPC Atletiekwêreldkampioenskappe gewen. Richard Browne van die VSA het goud gewen terwyl Alan Oliveira van Brasilië brons ingepalm het. (Foto: Francois Nel/Getty Images)

"Ná Doha is ek persoonlik baie positief oor Rio 2016. Ons kan egter nie op ons louere rus nie en sal moet nadink oor wat gewerk het en waaraan daar nog gewerk moet word." Karin le Roux, veldafrigter, het ook verwys na die positiewe spangees. "Ons kan trots wees op elke atleet wat deelgeneem het. Hulle het alles gegee.

"Ons gaan regtig probeer om die positiewe energie te behou en dit te gebruik as 'n basis vir ons voorbereiding vir Rio 2016."







# Vier jou gradeplegtigheid in die hartjie van Stellenbosch

Die jaar se gradeplegtigheid is amper hier. Dis amper ongelooflik dat nog 'n groep Maties oor 'n paar weke dié hoofstuk in hul lewens sal afhandel en nader aan hul verkose toekoms beweeg. Dis 'n merkwaardige gebeurtenis.

Oude Werf is net soveel deel van Stellenbosch as die universiteit self. Suid-Afrika se oudste hotel staan al vir vier eeue in stille waaksaamheid en bied die ideale lokaal vir u eie historiese aangeleentheid.

Om die einde van een reis en die begin van 'n nuwe een te vier, bied Oude Werf hotel - reg in die hartjie van Stellenbosch - 'n spesiale gradeplegtigheidsete aan. Die middag- en aandete is spesifiek vir die families van die dag se universiteitshelde ontwerp.

Geniet 'n smullekker middagete teen R245 per persoon vir die driegangmaaltyd, of R215 vir die tweegangopsie. Jy kan selfs jou vieringe in die aand in laat strek met die driegangsaandete wat teen R315 per persoon beskikbaar is.

Kyk gerus na ons spyskaarte vir dié heerlike fees

Oude Werf
HOTEL : STELLENBOSCH

Klik hier om Oude Werf Hotel te toer






# #MatiesMustNotFall

Die Universiteit Stellenbosch se leuse is Pectora roborant cultus recti. 'n Goeie opvoeding versterk die karakter. *A sound education strengthens the spirit.*
Ons weet uit ervaring dat onderwys transformeer, verhef, bemagtig; ons weet dit uit die gemeenskaplike wysheid van die mensdom deur die eeue.
Daar is geen ander uitweg nie. As ons omgee vir hierdie land en al sy mense, is onderwys die antwoord. Die Universiteit se begrotingsbeperking is egter 'n realiteit wat ons nie kan wegwens nie.
Dit is 'n uitdaging waarvoor universiteite oor die land en die wêreld heen te staan kom.
Die onlangse #FeesMustFall- nasionale veldtog het egter lig gewerp op ons studente se stryd om hul doelwitte en droom van hoër onderwys, en alles wat 'n graad inhou, te verwesenlik. Hier by die Universiteit Stellenbosch ervaar ons daagliks die behoefte:

- Die jong vrou van Limpopo wat haar studies voortsit al sien sy net haar gesin, wat van staatsubsidies leef, een keer 'n jaar;
- Die jong man van Bonteheuwel wat by sy ouers woon, werkloos is en net een keer per dag eet, maar wat elke dag vier uur lank per trein universiteit toe pendel omdat hy 'n beter toekoms begeer;
- Die jong vrou van Randburg wie se pa hul gesin jare gelede verlaat het en nie onderhoud betaal nie, maar wat haar ma, die opsigter by 'n woonstelblok, belowe het dat sy 'n beter toekoms vir hulle almal sal skep.

Dit is hierdie jong Suid-Afrikaners wat voordeel trek uit u skenking aan die Universiteit.
Daar is talle redes waarom u kan besluit om ons studente te help. Dalk is u 'n trotse alumnus wat aan u alma mater wil teruggee, Matie tot Matie; of dalk is u 'n Matie-ouer wat die 11,5%-afslag op 2016-fooie wat u deur hierdie veldtog ontvang het, wil skenk.
Talle studente doen 'n beroep op die vermindering of algehele afskaffing van fooie, maar die werklike behoefte is onder ons arm studente. Dit is ironies dat die verlaging van studentefooie ryk Suid-Afrikaners meer as arm Suid-Afrikaners tot voordeel sal strek.
U donasie, ongeag hoe klein, kan 'n lewe verander. U kan huidige studente help om uitstekende onderrig aan die Universiteit Stellenbosch te ontvang. 'n Skenking van enige grootte aan die US-beursfonds word direk ter ondersteuning van ons studente aangewend. U skenking is 'n mosie van vertroue as bewys van u geloof in die werk wat ons doen en die studente wat nou hier studeer. U ontvang ook 'n belastingsertifikaat om belastingvoordele te geniet.

**Maak nie saak hoe groot of hoe klein nie, u deelname is wat saak maak!** U kan 'n skenking deur middel van 'n tjek, direkte deposito, kredietkaart, debietorder of elektroniese fondsoordrag of aanlyn doen.
Bankbesonderhede:
Bank: Standard Bank
Taknaam: Stellenbosch
Takkode: 050610
Rekeningnaam: Universiteit Stellenbosch
Rekeningnommer: 073002437
Stuur asseblief bewys van u skenking aan Joan Weyers by e-pos jhs1@sun.ac.za of faks +27 21 882 84056

**Alumni Kantoor**
**Victoriastraat, Admin B, 3de Vloer**
+27 21 808 9266
+27 21 808 8405
Stellenbosch University Alumni (Maties) and Friends
www.facebook.com/stellenboschalumni
www.twitter.com/SU_Alumni
YouTube
alumni@sun.ac.za
www.sun.ac.za/afrikaans/alumni